

22 Mei

Van leed na lof

Skrifgedeelte: Psalm 102

Gaan jy met jou leed na die Here toe, of probeer jy dit verdring? Drink jy dalk 'n paar pille om die pyn te stil?

In hierdie klaagpsalm praat die digter met die Here oor sy leed. Hy ontbloot dit in besonderhede voor die Here. Sy toestand is baie ernstig. Sy dae verdwyn soos rook, sy liggaam brand soos vuur en hy is net vel en been. Hy is ook eensaam in sy leed – soos 'n eensame voël op 'n dak. Ander mense spot met hom. Hy is diep bedroef, want hy voel die Here is kwaad vir hom en het hom weggestoot.

Maar hy vertrou op die Here. Hy beweeg in die psalm van klagtes oor sy ellende na lof aan die Here. Sy wanhoop maak plek vir vertrou, erkentlikheid en vreugde. Eindelik ervaar hy krag na kruis.

Psalm 102 vind weerklank in die Nuwe Testament. Vers 26-28 word van toepassing gemaak op Jesus Christus (Heb 1:10-12). Só kry die psalm Messiaanse betekenis. Die klaaglied kom hier tot sy volle verwesenliking: die lyding wat Jesus moes deurmaak, het gelei tot sy lof.

Psalm 102 is een van die sewe boetepsalms. Luther het groot waarde aan hierdie Psalm geheg. In Jesus Christus mag ons ook van ons leed, wat ons voor die Here lê, gaan na lof vir Hom wat die uitkoms gee!

Sing: Psalm 40:1, 5

Dr. F van der Walt (Emeritus)